Maandag **15 Januarie**

**Skrifgedeelte: Rigters 2:11 – 3:6**

**Fokusgedeelte: Rigters 2:20-22**

## Moenie moedeloos word nie

Soms kan ’n mens nie verstaan wat gelowiges kan aanvang nie. Hoe kan so iets gebeur?

Israel het die almag en die sorg van die Here beleef. Die Here het hulle uit Egipte verlos. Veertig jaar het Hy hulle in die wildernis beskerm en versorg. Hy het stede in hulle hand oorgegee. Sy beloftes aan hulle is een vir een vervul. Maar steeds bly Israel ontrou aan die Here God. Hoe lank sal die Here nog geduld hê met Israel?

Ook jy en ek het die besondere genade van die Here beleef. Elkeen wat in Jesus Christus glo, het die genade van die Here ondervind. Jou geloof in Jesus Christus is die bewys dat die Here Homself aan jou verbind het. Die Heilige Gees werk hierdie bekering en geloof in jou.

Tog betrap jy jouself nog elke dag dat jy hardkoppig en eiewillig optree, elke dag weer die verbond van die Here oortree. Soms wonder jy dalk: Sal die Here my nog ’n keer kan vergewe?

Wanneer ons weer in die sonde struikel, moet ons nooit aan die trou van die Here twyfel nie. Die Seun van God het na hierdie wêreld gekom, Jesus Christus het Homself volledig met die sondaars vereenselwig, met hulle wat sy Vader aan Hom gegee het om te verlos. Hy word ’n mens. Hy onderwerp Hom aan die wet van sy Vader. Hy bewerk volkome verlossing vir sy mense.

Verkeer jy nou in ’n beproewing? Moenie moedeloos word nie. Die Here het nie met jou as gelowige opgegee nie. Deur sy Gees wil Hy aan jou die krag gee om die stryd te voer en uiteindelik saam met die Here die oorwinning te behaal totdat jou liefde vir die Here net so bestendig is as sy liefde vir jou.

*Sing: Psalm 119-1:7, 33*

*Ds. HJ (Herman) Coetzee (Amanzimtoti)*